**Vrydag 12 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 5:2 – 6:1**
**Fokusgedeelte: Hooglied 6:1 (AFR83/2020)**
**Die droom en lied van die bruid**

In Hooglied 5 vertel die bruid van ’n droom wat sy gehad het, en daarna sing sy ’n lied oor haar geliefde. In haar droom kom haar geliefde op ’n onverwagte tydstip na haar kamer toe, en sy reageer baie stadig op sy dringende geklop om in te kom. As sy dan uiteindelik by die deur kom om oop te maak, het hy reeds padgegee. Sy gaan na hom soek in die stad se strate, maar sy kry nie eers die nodige simpatie van die kant van die wagte af nie.

In die tweede gedeelte van die hoofstuk sing sy ’n lied oor haar geliefde. En soos wat dit in Hooglied 4 ook die geval is, gebruik sy haar vermoë om op ’n pragtige manier dit wat sy van hom sien, te verwoord eie aan haar tyd.

Met die lees van hierdie hoofstuk kom ’n mens onder die indruk dat verhoudinge in ’n huwelik versigtig hanteer moet word. As sy bruid stadig op haar man se versoeke reageer, word sy die een wat later angstig na hom soek. Dié soort van probleme kom baie keer in die huwelik voor, en daar moet by mekaar aangepas word om ’n huwelik te laat werk. Indien daar nie meer wedersydse liefde en omgee in jou huwelik teenwoordig is nie, word die droom dalk ’n werklikheid!

In Efesiërs 5:21-33 word die verhouding tussen ’n man en sy vrou vergelyk met die verhouding tussen Jesus Christus en sy kerk. Vir Jesus Christus is die verhouding tussen Hom en sy kerk só belangrik dat Hy sy lewe daarvoor gee. Hoe belangrik is jou verhouding met Hom, en dan ook jou verhouding met jou eggenoot?

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*